



*NG Kerk Kraggaskamma*  
*Ons is God se Fontein van Liefde / Hart vir Nelson Mandelabaai*

## Wegkruipertjie

---

Hoor ñ geraas en dan glas wat breek agter die skerms.

Stoffel kom uit asem op. Bietjie ontsteld. Kyk rond en probeer wegkruip.

Stoffel: O gaats , waar kan ek wegkruip, maats?.....Julle weet as my ma my kry ,slag sy my seker lewendig af. Ek dink ek kan dalk hier agter die gordyn staan .....[gaan staan agter gordyn ,maar sy voete steek uit.

Wysmuis op

Wysmuis: Hallo Stoffel! Wat maak jy? Speel jy wegkruipertjie?

Stoffel: [nogsteeds agter gordyn].....mmm.....Neee.....kan jy my dan sien, Wysmuis?

Wysmuis: Ja, Stoffel...mens kan jou voete sien.

Stoffel: Uhhhh [Stoffel kom uit agter gordyn]

Wysmuis: Hoekom kruip jy dan weg,Stoffel?

Stoffel: Ek kruip weg vir my ma.

Wysmuis: Hoekom? Wat het jy nou aangevang?

Stoffel: ..ehhhhhh, ek het haar mooiste ,mees geliefkoosde en duurste blompot gebreek! Sy gaan my afslag as sy my kry!

Wysmuis: Hoe het jy die blompot gebreek?

Stoffel: Ek het ge-rollerblade in die huis en toe val ek en stamp die stupid ding van die tafel af.

Wysmuis: Wel , ek is seker jou ma sal verstaan . Dit was perongeluk.

Stoffel: ...eeeeee, maar jy sien ou Wysmuis , ek mag nie eintlik in die huis rollerblade nie.

Wysmuis: O, ek sien , so jy was ook ongehoorsaam ?

Stoffel: [skaam] Ja.... En nou is ek in GROOT moeilikheid!

Wysmuis: Wel ,jy weet jy moenie eintlik vir jou ma wegkruip nie. As sy jou kry gaan sy kwater wees as wat jy haar net dadelik gaan vertel het wat gebeur het.

Stoffel: Haai , ou Wysmuis, dink jy regtig so?

Wysmuis: Ja, dis net soos ons storie oor Adam en Eva vandag. Adam en Eva was ook ongehoorsaam aan God .

Stoffel: O gaats, wat het met hulle gebeur?

Wysmuis: Jy sien Adam en Eva het van die vrugte geet van die een boom in die tuin waarvan God gesê hulle nie mag eet nie.

Toe hulle besef wat hulle gedoen het en dat hul ongehoorsaam was het hulle gaan wegkruip vir God!

Stoffel: Weggekruip vir God???? Mens kan mos nie vir God wegkruip nie!

Wysmuis: Nee, en so het God na hulle gaan soek en hulle toe ook gekry. Hulle het Hom toe vertel wat gebeur het en hulle is toe gestraf. MAAR, weet jy wat, God was nogsteeds LIEF vir hulle.

Stoffel: Haai regtig , Wysmuis?

Wysmuis: Ons maak almal foute of doen verkeerde dinge en dan kom God en sê Hy is nogsteeds lief vir ons ten spyte van wat ons aangevang het.

Stoffel: Maar hoe Wysmuis?

Wysmuis: Wel, Hy kom wys dit deur sy Seun Jesus .Jesus kom sterf vir ons ongehoorsaamheid aan die kruis. As ons vir God vra om ons te vergewe, doen Hy dit en is ons vir altyd by Hom!

Stoffel: Sjoe, so dalk moet ek ook maar net vir ma gaan sê wat gebeur het.

Wysmuis: Ja, dit gaan nie maklik wees nie, maar ek is seker sy sal jou vergewe as sy sien hoe jammer jy is.

Stoffel: Nou toe ,dan sal ek maar moet gaan. Wish me luck !!!!  
Totsiens , Maats!

Wysmuis: Totsiens Maats en onthou God is baie baie lief vir julle !!

Deur Petru Vlok [2020]